

# Ontmoeting 1

## Saul, die eerste koning

Ons vind uit dat die Israëliete nie gedink het dit is goed genoeg dat God hulle koning is nie en wat die gevolge daarvan was.

**Teks:** 1 Samuel 8–15

### Hulpmiddels:

- Afdrukke van krone op karton
- Koki's, blinkertjies, "sequins", "rhinestones" of enigiets anders om die krone te versier
- Krammasjientjie of "double-sided tape" om die krone te voltooi
- Afdrukke van "Die mense vra h koning" strokiesprent



### Welkom

### Speletjie 1: "Krappe en Kraaie"

### Speletjie 2: "K.I.N.G spells KING"

- Leier staan voor, kinders staan aan teenoorgestelde kant
- Kinders loop op elke letter tot by die leier terwyl die leier KING spel.
- Die een wat eerste by die leier kom, wen



### Wyding

**Stilwoord-ritueel uit Psalm 23:** Laat die kinders kruisbeen sit en hulle oë toemaak. Herhaal 3 keer. "Die Here is by ons." Sê nou hardop: "Omdat die Here my Herder is, is ek nie bang nie. Hy lei my deur die donker tye en Hy versorg my."



### Woord

Verduidelik aan die kinders dat hulle deur die vertelling van die storie baie mooi moet luister vir 3 spesifieke woorde. Wanneer daar van Samuel gepraat word, moet hulle hul hande saamslaan soos in gebed en hardop "Samuel" sê. Wanneer die woord "koning" genoem word, moet hulle hul hande in die vorm van h kroon bo hul koppe sit en "koning" sê. Wanneer hulle die woord "luister" hoor, moet hulle hul vingers voor hul ore hou en "luister" sê. Druk die verhaal uit en sit dit binne in jou Bybel en lees dit dan voor.

Toe **Samuel** baie oud was, het die leiers van Israel na hom gekom en gevra of hulle ook h **koning** kan kry soos die ander lande rondom hulle. **Samuel** was nie gelukkig met die idee dat Israel h **koning** moes kry om oor hulle te regeer nie. Eintlik was God mos Israel se **koning**. Daarom het **Samuel** gaan bid en met die Here daarvoor gepraat. Toe sê die Here vir hom: "**Samuel**, gee vir hulle wat hulle vra. Dit is nie vir jou wat hulle nie meer as leier wil hê nie, maar eintlik is dit vir My wat hulle weggooi as hulle **Koning**."

**Samuel** het toe vir die mense gesê: "Julle moet mooi **luister** hoe dit sal wees om h **koning** te hê. Dit sal wees soos om h baas te hê. Hy sal die seuns gebruik as soldate en wagte, en die dogters as diensmeisies. Mense sal in

die paleis moet werk soos slawe, en selfs moet belasting betaal. Wanneer dit alles gebeur, gaan julle baie oor julle **koning** kla. Onthou net: julle het self gekies om h **koning** te hê. Moenie dan dink dat die Here julle moet help nie.” Hulle wou nie **luister** nie. Hulle wou nog steeds h **koning** hê. h Rukkie daarna het die Here vir **Samuel** gesê: “Môre teen hierdie tyd sal Ek h man na jou toe stuur. Hy kom uit die familie van Benjamin. Ek wil hê jy moet hom **koning** oor Israel maak. Gooi so h klein bietjie olyfolie oor sy kop. Dit is mos altyd h teken dat Ek wil hê daardie persoon moet my dien en dat hy vir My baie spesiaal is.”

Daar was h ryk man uit die familie Benjamin met die naam Kis. Hy het h seun gehad wie se naam Saul was. Saul was nog jonk en sterk.

Verder was hy langer en mooier as enige man in Israel. Saul was op soek na sy pa se donkies wat weggeraak het. Sy slaaf het vir hom gesê dat daar h goeie profeet is. Hulle kan vir hom vra of hy dalk weet waar die donkies is. Saul het dus vir **Samuel** gaan soek. Toe hy hom kry, sê die Here vir **Samuel**: “Hier is die man van wie ek jou vertel het. Dit is hy wat die **koning** van Israel sal word.” Toe Saul vir **Samuel** sien, stap hy na hom en sê: “Meneer, kan u my asseblief die pad beduie na die profeet se huis?” **Samuel** sê toe vir Saul: “Ek is die profeet. Kom loop saam met my na die plek waar ons vandag tot God gaan offer. Bly en kuier by my. Moenie bekommerd wees oor die donkies nie; hulle is reeds tuis. Die hele land Israel het jou nodig. Jy gaan h belangrike werk doen.”

Die volgende oggend het **Samuel** gewag tot hy alleen met Saul kon praat. Hy het toe h botteltjie olyfolie uitgehaal en die olie oor Saul se kop gegooi as teken dat Saul baie spesiaal is vir die Here. Daarna skud hulle hande en **Samuel** sê: “Die Here het jou gekies om Israel se **koning** te wees.” **Samuel** het vir Saul opdragte gegee waarna hy moes **luister**. Nadat **Samuel** vir Saul tot siens gesê het, het God vir Saul sommer h nuwe mens gemaak. Mense wat Saul voorheen geken het, het vir mekaar gevra wat nou met Saul gebeur het. Maar Saul het vir niemand vertel dat **Samuel** gesê het dat hy die **koning** van Israel sou word nie.

**Samuel** het al die Israeliete bymekaar laat kom in hulle families. Hulle het lootjies getrek totdat hulle gesien het Saul is gekies as **koning**. Almal was baie bly en het hard uitgeroep: “Lank lewe die **koning!**” **Samuel** het toe weer aan die volk verduidelik dat hulle mooi vir die **koning** sal moet **luister**. **Samuel** het gesê: “Die Here het nou hierdie **koning** vir julle gegee. As julle en julle **koning** lief is vir God en doen wat Hy sê, sal God vir julle goed wees. As julle julle nie aan God steur nie, sal dit baie swaar gaan met julle.”

Die kere wat Saul na God **geluister** het, het dit baie goed gegaan met hom en die Israeliete. Hy het teen sy vyande in verskillende lande gaan veg en elke keer ver gewen. So het hy gekeer dat Israel deur hul vyande aangeval word.

Maar Saul het later nie meer na God **geluister** nie en gedink hy is slimmer. Hy was ongehoorsaam en skelm en wou nie **luister** na **Samuel** se goeie raad nie. Die Here was spyt dat Hy Saul **koning** gemaak het. Hy het **Samuel** weer na Saul toe gestuur. **Samuel** het vir hom gesê: “Omdat jy nie **geluister** het nie, wil God jou nie meer as **koning** hê nie. Jy word weggeskeur van die Israeliete en God gaan iemand anders kry wat beter is as jy.” **Samuel** het nooit weer vir Saul gesien nie, maar hy was hartseer dat Saul nie vir God **geluister** het nie.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:


1. Ek wonder hoe laat hierdie storie jou voel.
2. Ek wonder wat sou jy verander in die storie.
3. Ek wonder of jy ook soms sukkel om te luister.



### Werskaf

- Patroon van h kroon vir kleiner kinders om te maak en te versier. Heg die twee dele aan mekaar vas met krammetjie of “double-sided tape”, heg gerus ‘n ekstra stukkie in as dit steeds te klein is.
- “Die mense vra h koning” strokiesprent: Gee vir elke kind een, lees die storie saam met hulle en laat hulle die prente teken en huis toe vat.

**Sluit af met die seënbede**



**Die mense vra 'n koning**

<p>Samuel, jy is oud en jou seuns is oneerlik. Ons wil 'n koning hê!</p>	<p>Samuel sê: 'n Koning gaan al julle goed vir hom vat!</p>
<p>Samuel bid: Here, wat moet ek doen?</p>	<p>Ek soek vir Samuel, sê Saul, hy kan ons help!</p>
<p>Ons gee nie om nie, antwoord die mense!</p>	<p>Intussen soek Saul en sy helpers na hulle donkies in die veld. . .</p>
<p>God het jou gekies as Koning, Saul.</p>	<p>Ons gee nie om nie, antwoord die mense!</p>
<p>God het jou gekies as Koning, Saul.</p>	<p>Omdat julle nie meer vir God as julle leier wil hê nie, het Hy vir julle 'n koning gegee. Hier is hy! Koning Saul!</p>